**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 80**

**TYD: 1½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *10* bladsye.**

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING</u>**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **BEGRIPSTOETSE** | **(30)** |
| **AFDELING B:** | **TAALWERK** | **(50)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

***STERKTE!!!***

**<u>AFDELING A</u> :<u>BEGRIPSTOETSE</u>**

**Lees deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**VRAAG 1: Tydskrifartikel**

**TEKS A**

(Foto: m.imdb.com)




# Katy Perry

Lees die artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

1. Jy kan nie anders as om versot op Katy Perry te wees nie. Van haar aansteeklike liedjies en die oulike klere tot haar spontane persoonlikheid – sy is beslis soos die bure se dogter wat groot naam gemaak het!

2. Katheryn Elizabeth Hudson, oftewel Katy Perry, is op 25 Oktober 1984 gebore. Sy is 'n Amerikaanse sangeres, liedjieskrywer en aktrise. Katheryn het die verhoognaam 'Katy Perry' gekies om te keer dat mense haar verwar met die Amerikaanse aktrise, Kate Hudson.

3. Katy het in 'n streng Christelike huis grootgeword. Albei haar ouers is pastore wat haar as kind verbied het om MTV te kyk. As 'n kind was Katy dus nie baie blootgestel aan popmusiek nie. Katy sê sy het gesukkel om te lees, want "sy het nie veel skoolgegaan nie" omdat haar gesin gedurig in Amerika rondgetrek het toe sy klein was. "Ek was nie in goeie skole nie, want my ouers het nie in openbare opvoeding (public education) geglo nie. Hulle wou hê hul godsdiens (religion) moes die opvoeding beïnvloed; daarom was ek in skole wat helfte opvoeding en helfte geloof was," sê Katy. In 2001, op 17-jarige ouderdom, het Katy 'n gospel-album uitgebring onder die naam Katy Hudson.

4. Katy het in 2008 bekend geword toe sy haar eerste treffer, *I Kissed a Girl,* vrygestel het. Hierdie liedjie is geïnspireer deur die aktrise, Scarlett Johansson, omdat sy gedink het Scarlett is oulik. *I Kissed a Girl* het al in meer as twintig lande die nommer 1-trefferlys gehaal. Haar tweede album, *"One of the Boys"*, was ook 'n baie groot sukses. Katy het in 2011 die rekordboeke herskryf toe sy die eerste vroulike kunstenaar geword het met vyf no. 1-treffers op een album, *Teenage Dream*. Op hierdie album is liedjies soos *Teenage Dream, Firework* en *California Girls* (wat sy saam met Snoop Dogg sing).

5. Haar vierde album, *Prism*, is in 2013 vrygestel en is 'n mengsel van pop- en dansmusiek. Katy Perry is bekend vir haar pragtige stem, lekker luisterlirieke en haar vreemde klerekas. Katy Perry is op 23 Oktober 2010 met die Engelse akteur, Russell Brand, getroud, maar is weer op 31 Januarie 2011 van hom geskei.

6. PRETFEITE OOR KATY PERRY

- Katy het 'n kaartjie van R2 miljoen [$200 000] gekoop om volgende jaar in die Britse biljoenêr Richard Branson se Virgin Galactic-ruimtetuig ruimte toe te gaan.
- Sy borsel haar tande tussen vier tot ses keer per dag.
- Sy maak graag haar huis skoon – net vir die lekkerte!
- Katy het 'n kat, Kitty Purry, wat haar eie blog het!
- Katy Perry het Justin Bieber onttroon (*dethrone*) as die gebruiker met die meeste aanhangers (*fans*) op Twitter. Katy het 59,26 miljoen aanhangers en Bieber het net 27,28 miljoen.
- Katy sê sy is gewild omdat sy altyd vrolik is en mense ignoreer wat nie van haar hou nie.



**(Foto: alamy.com)**

**Bronne: *Wikipedia, Huisgenoot.com* (Verwerk en aangepas)**

**VRAE:**

**1.1 Noem drie redes waarom mense so baie van Katy hou.** **(3)**

**1.2 Wat is Katy se volle naam?** **(1)**

**1.3 Pas die beskrywings in KOLOM B by die datums in KOLOM A. Skryf net die nommer (1.3.1-1.3.4) en die letter (A-E) neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 25 Oktober 1984 | A. Skei van haar man. |
| 1.3.2 2008 | B. Bring 'n gospel-album uit. |
| 1.3.3 2013 | C. Haar geboortedatum. |
| 1.3.4 31 Januarie 2011 | D. Stel haar eerste treffer vry. |
| | E. Stel haar vierde album vry. |

**(4)**

**1.4 Behalwe sing, watter TWEE ander dinge doen Katy?** **(2)**

**1.5 Hoekom het Katy besluit om 'n verhoognaam te kies? Haal 'n sin aan as antwoord.** **(1)**

**1.6 Die volgende stelling is WAAR.**

**Katy en haar ouers is kerk-gaande mense.**

**Haal 'n sin aan om dit te bewys.** **(1)**

**1.7 Wat mag Katy nie gekyk het toe sy 'n kind was nie? Haal een woord as antwoord aan.** **(1)**

1.8 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die nommer (1.8) en die letter (A-D) neer.

Dit is ironies dat Katy vandag Popliedjies sing, want ...

A. sy het altyd net gospelliedjies gesing.
B. sy kon nie lees nie.
C. sy was nooit daaraan blootgestel nie.
D. sy mag nie na MTV gekyk het nie. (1)

1.9 Voltooi die volgende sin. Skryf die hele sin uit.

Katy kon nie goed lees nie, want ___. (1)

1.10 (a) Wie het vir Katy geïnspireer met die liedjie, *I Kissed a Girl*? (1)

(b) Hoekom het dié persoon haar geïnspireer? Haal sewe opeenvolgende woorde as antwoord aan. (1)

1.11 Hoe het Katy die rekordboeke in 2011 herskryf? Noem twee feite. (2)

1.12 Gee die volle naam van die persoon met wie Katy getrou het. (1)

1.13 Stem jy saam met die volgende stelling? JA/NEE?

Katy het nie baie geld betaal om na die ruimte te reis nie.

Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.14 Voltooi die volgende paragraaf deur woorde uit die woordblok te kies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| hare | bed | tande | klere | blog | facebook |

Katy hou van skoon 1.14.1___, want sy borsel dit baie. Kitty Purry het haar eie 1.14.2___. (2)

1.15 Wat doen Katy as mense nie van haar hou nie? (1)

[24]



**VRAAG 2: STROKIESPRENT**

**Lees deur die onderstaande strokiesprent en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**TEKS B**




**2.1 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.**

**Op Swart Vrydag kan 'n mens alles (duurder/goedkoper) kry. (1)**

**2.2 Die volgende stelling is ONWAAR. Bewys dit deur vyf opeenvolgende woorde aan te haal.**

**Hierdie man en vrou is baie romanties deur 'n kers gedurende ete te brand. (1)**

**2.3 In watter vertrek (room) in die huis sit die twee ou mense? (1)**

**2.4 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die nommer (2.4) en die letter (A-D) neer.**

**Hierdie twee mense eet nou hulle ___**

**A. aandkos**
**B. middagete**
**C. middagkos**
**D. aandete (1)**

**2.5 Voltooi die paragraaf deur die korrekte woorde in te vul. Skryf net die nommer en die antwoord neer. Vind die antwoorde uit die woordblok.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| gekookte | vrugte | koue | brood | groente |

**Hierdie mense eet 2.5.1___ in plaas van 2.5.2___ kos omdat daar nie krag is nie! (2)**

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B: TAALWERK

### VRAAG 1: WOORDSTRUKTURE

- Bestudeer die volgende prentjie en voer die instruksies uit.
- Die vrae is op die prentjie gebaseer.

TEKS C



1.1 Gee die MEERVOUDE vir die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.1.1 Die twee seuns kom van verskillende (stad). (1)

1.1.2 Hulle bly albei by hulle (ouma). (1)

1.1.3 Hulle skryf gewoonlik (brief) aan hulle ouers. (1)

1.2 Gee die VERKLEINWOORD van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.2.1 Die een seun het 'n klein (hond) by die huis. (1)

1.2.2 Die ander seun het 'n klein (boom) geplant. (1)

1.2.3 Hulle woon ook op 'n klein (plaas). (1)

1.3 Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.3.1 Die seun en ___ vriende sit elke pouse saam. (1)

1.3.2 Die kunswerk wat jy sien is ___(theirs). (1)

1.4 Vul die korrekte VOORSETSELS in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.4.1 Die seuns gaan ___ vyfuur huis toe. (1)

1.4.2 Die onderwyser was kwaad ___ hulle. (1)

1.4.3 Hulle loop ___ voet skool toe. (1)

1.5 Vul die korrekte VRAAGWOORDE in die spasies in. Die antwoord word gegee om jou te help. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.5.1 ___ begin die skool? Om agtuur. (1)

1.5.2 ___ skryf jy? In my temaboek. (1)

1.5.3 ___ kom die nuwe meisie in die klas? Van Kaapstad af. (1)

1.6 Voltooi die volgende VERGELYKINGS. Skryf net die nommer en die antwoord.

1.6.1 Die arme hond was so maer soos 'n ___. (1)

1.6.2 Die gesin was so arm soos 'n ___ na die vloede. (1)

1.7 Voltooi die AFKORTINGS in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.7.1 Ons is lief vir ons land, (Suid-Afrika). (1)

1.7.2 Jy moet (asb.) al die papiere optel. (1)

1.8 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG vir die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.8.1 My (oom) bak heerlike beskuit. (1)

1.8.2 Ek en my (neef) het op die strand gaan stap. (1)

1.8.3 Die (koning) van Engeland het onlangs gesterf. (1)

1.9 Vul die korrekte DIEREGELUIDE in. Skryf net die nommer en die antwoord.

1.9.1 Die kanarie in die boom ___ te mooi. (1)

1.9.2 My kat ___ baie hard as sy kos wil hê. (1)

1.10 Gee die TRAPPE VAN VERGELYKING vir die woorde in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

1.10.1 My boetie is (oud) as jy. (1)

1.10.2 My Afrikaanse juffrou is (gaaf) as my wiskunde meneer. (1)

1.10.3 Sy is die (jonk) in die klas. (1)

1.11 Skryf die GETALLE in hakies uit. Skryf net die nommer en die antwoord.

1.11.1 Ek is hierdie jaar (14) jaar oud. (1)

1.11.2 Ek het verlede jaar (49) mense op Facebook bevriend. (1)


1.11.3 Ek is hierdie kwartaal (8e) in my klas. (1)

[29]

VRAAG 2: SINSTRUKTURE

- Bestudeer die prentjie hier onder en voer die instruksies uit.
- Die vrae is op die prentjie gebaseer.

TEKS D



2.1 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte WOORDORDE.

2.1.1 Ons, by die strand, bly, hierdie vakansie. (1)

2.1.2 Ek en my pa, elke dag, wil, van die rotse af, visvang. (1)

2.2 Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD.

2.2.1 Ons swem elke dag in die see. (1)

2.2.2 Ons het 'n mooi huisie by die see. (1)

2.2.3 Ek en my sussie sit en gesels op die strand. (1)

2.3 Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.

2.3.1 Ons is almal baie ontspanne. (1)

2.3.2 Die strandoord het baie aktiwiteite. (1)

**2.3.3 Ek sit altyd op die rotse by die see.** **(1)**

**2.4 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORDE in hakies.**

**2.4.1 Ons wil nie nou al huis toe gaan nie. Ons het nie 'n keuse nie. (maar)** **(1)**

**2.4.2 My pa het 'n groot vis gevang. Ons hou 'n heerlike visbraai. (dus)** **(1)**

**2.4.3 Ons bedank ons ouers. Ons het 'n fantastiese vakansie op die strand gehad. (omdat)** **(1)**

**2.5 Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNING.**

**2.5.1 Iemand het vir ons 'n bootjie geleen.** **(1)**

**2.5.2 Ek het my ring êrens verloor.** **(1)**

**2.5.3 Ons braai elke aand vleis.** **(1)**

**2.6 Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.**

**2.6.1 Die hele gesin speel strandrugby.** **(1)**

**2.6.2 Ons het vis gebraai.** **(1)**

**2.6.3 Die gesin sal haaihokduik doen.** **(1)**

**2.7 Skryf die sinne oor met die korrekte LEES- EN SKRYFTEKENS.**

**2.7.1 hy se ek is baie moeg** **(1)**

**2.7.2 john mary linda was almal in kaapstad op vakansie** **(1)**

**2.8 KOMMUNIKATIEF. Wat sal jy in die volgende situasies sê? Skryf dit neer.**

**2.8.1 Hoe groet jy jou onderwyser in die oggend?** **(1)**

**2.8.2 Wens jou maat geluk met sy/haar verjaardag.** **(1)**

**[21]**

**TOTAAL AFDELING B: 50 PUNTE**

**SOMTOTAAL: 80 PUNTE**